| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:<br>• basiese kennis van leerstrategieë, akademiese woordeskat en register asook die lees en skryf van akademiese tekste te demonstreer ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te funksioneer;<br>• op gepaste wyse binne 'n akademiese omgewing effektief mondelings en skriftelik as individu en as lid van 'n groep te kan kommunikeer<br>• basiese akademiese tekste te verstaan, interpreteer, evalueer en op koherente wyse toepaslike akademiese genres te kan skryf deur gebruik te maak van akkurate en toepaslike akademiese konvensies; en<br>• binne 'n etiese raamwerk akkuraat, vlot en toepaslik te kan luister, praat, lees, skryf en leer. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds** | | |

| Modulekode: AGLA/E 121 | Semester 2 | NKR-Vlak: 5 |
|---|---|---|
| **Titel: Akademiese Geletterdheid** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:<br>• oor fundamentele kennis beskik van toepaslike rekenaarprogramme, leer-, luister-, lees- en skryfstrategieë kan toepas, akademiese taalregister kan gebruik en akademiese tekste kan lees en kan skryf, ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te kan funksioneer;<br>• as 'n individu en as lid van 'n groep effektief mondelings en skriftelik op 'n etiese verantwoordelike en toepaslike wyse kan kommunikeer in 'n akademiese omgewing; en<br>• wetenskaplike inligting binne 'n verskeidenheid studieterreine as individu en in groepsverband kan soek en versamel, tekste kan ontleed, interpreteer, evalueer en op koherente wyse sintetiseer en oplossings voorstel in toepaslike akademiese genres deur gebruikmaking van linguistiese konvensies soos gebruik in formele taalregisters. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds** | | |

| Modulekode: AFLL111 | Semester 1 | NKR-Vlak: 5 |
|---|---|---|
| **Titel: Afrikaans: Taal sonder grense** | | |
| **Module-uitkomste:**Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om<br>• die basiese beginsels en reëls onderliggend aan die Afrikaanse taalgebruikskunde te verstaan en in te oefen<br>• verskillende tekstipes in Afrikaans te onderskei en krities-evaluerend daarmee om te gaan<br>• sowel funksionele as estetiese Afrikaanse tekste te ontleed, te interpreteer en te evalueer; en .<br>• geselekteerde Afrikaanse en Nederlandse kortverhale te kan beskryf en analiseer aan die hand van kernbegrippe uit die narratologie. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:**<br>Die bereiking van uitkomste sal bewys word wanneer studente<br>• Afrikaans, skriftelik en mondeling, gepas, kreatief en effektief in verskillende kontekste kan gebruik<br>• tekste kan ontleed aan die hand van gepaste kriteria<br>• verskillende tekssoorte volgens die bepaalde onderskeie konvensies kan produseer; en<br>• kernbegrippe van die narratologie in teksverband kan toepas. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds** | | |

| Modulekode: AFLL121 | Semester 2 | NKR-Vlak: 5 |
|---|---|---|
| **Titel: Afrikaanse en Nederlandse taal- en literatuurstudie: teks en konteks - die taal van tekste** | | |

**Module-uitkomste:**

**Taalkunde**

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- basiese grammatikale analitiese begrippe te definieer en toe te pas; en
- verteenwoordigende Afrikaanse konstruksies te analiseer en beskryf deur van sistematiese analise- en beskrywingsmetodes gebruik te maak.

**Letterkunde**

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- Afrikaanse en Nederlandse poësie- en dramatekste te analiseer met behulp van 'n teoreties-gefundeerde leesstrategie;
- die estetiese en ideologiese aspekte van Afrikaanse en Nederlandse gedigte- en dramas te identifiseer en beskryf; en
- in groepsverband gesprekke oor tersaaklike temas te kan voer.

**Metode van aflewering: Kontak, voltyds**

**Assesseringsmetodes:**

**Taalkunde**

Die bereiking van uitkomste sal bewys word wanneer studente

- klasbespreking doeltreffend kan lei deur middel van ’n klasseminaar
- aan die hand van denkkaarte teoretiese inligting oor die herkoms van die linguistiek weergee
- op kreatiewe wyse tekste van eie keuse kan ontleed en aantoon hoe kontekselemente uiteindelik in die taal van teks realiseer; en
- taalhandelinge in teks, byvoorbeeld strokiesprente in groepsverband, kan identifiseer en beskryf.

**Letterkunde**

Die bereiking van uitkomste sal bewys word wanneer studente

- die gepaste leesstrategie kan toepas in die analise van verskillende Afrikaanse en Nederlandse tekste;
- die estetiese en ideologiese aspekte in Afrikaanse en Nederlandse verhale en gedigte kan analiseer; en
- krities observerend aan groepsgesprekke kan deelneem deur gebruik te maak van die korrekte terminologie en kommunikasievaardighede.

| Modulekode: AFLL211 | Semester 1 | NKR-Vlak: 6 |
|---|---|---|
| **Titel: Afrikaanse en Nederlandse taal- en literatuurstudie** | | |

**Module-uitkomste:**

**Taalkunde**

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- die ontwikkeling van Afrikaans oorsigtelik te verduidelik, met klem op die sosio-historiese omstandighede;
- aan te toon hoe die konstruk “meertaligheid” in Suid-Afrika manifesteer deur aandag te gee aan
    - o die meertalige samelewing in Suid-Afrika;
    - o taalwetgewing; en
    - o taalbestuursuitdagings; en
- eietydse taalpolitieke standpunte te vergelyk en te evalueer.

**Letterkunde**

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- verskillende teoretiese raamwerke te gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste; en

- die estetiese, kulturele en die sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde.

**Metode van aflewering: Kontak, voltyds**

**Assesseringsmetodes**:
**Taalkunde**
Die bereiking van uitkomste sal bewys word wanneer studente

- in die vorm van 'n klasseminaar die teoretiese raamwerke van die linguistiek kan bespreek;
- die invloed wat die spraakgemeenskap op variante van Afrikaans uitoefen prakties kan illustreer;
- kernbegrippe in gesprekvoering oor bepaalde temas korrek interpreteer en gebruik; en
- effektief in groepsverband die navorsingsvereistes van projekwerk kan illustreer.

**Letterkunde**
Die bereiking van uitkomste sal bewys word wanneer studente

- die verskillende teoretiese raamwerke vir die analise van Afrikaanse en Nederlandse tekste kan toepas; en
- aan die hand van seminare/ groepbesprekings kan gesprekke voer oor temas betreffende die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde tot 1960.

| **Modulekode: AFLL221** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 6** |
|---|---|---|

**Titel: Afrikaans en Nederlands: tekslinguistiese perspektiewe en literêre handelinge**

**Module-uitkomste:**
**Taalkunde**
Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- die geslaagheid al dan nie van 'n verskeidenheid Afrikaanse tekssoorte te bepaal aan die hand van analise en evaluasie;
- die keuses van skrywers op onder andere sintaktiese en semantiese vlak te motiveer;
- die funksionele aard van verskillende sinskonstruksies en semantiese keuses te identifiseer en verduidelik;
- gepaste metodes aan te wend om die leesbaarheidsindeks van tekste te verhoog;
- die interdissiplinêre aard van teksproduksie, tekspersepsie en teksinterpretasie te verstaan en te beredeneer; en
- tegnieke te beskryf aan die hand waarvan skrywersintensie benadruk kan word.

**Letterkunde**
Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- verskillende teoretiese raamwerke te verstaan en gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste; en
- die estetiese, kulturele en die sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde van aanvang tot hede

**Metode van aflewering: Kontak, voltyds**

**Assesseringsmetodes**:
**Taalkunde**
Die bereiking van uitkomste sal bewys word wanneer studente

- in die vorm van 'n klasseminaar die verskeie komponente van tekslinguistiek en skrywersintensie kan bespreek;
- tekste kan analiseer op grond van die tekslinguistiese elemente wat daain voorkom;
- die werking van tekslinguistiese elemente binne 'n teks kan interpreteer en verduidelik; en
- op gepaste wyse en met inagneming van gespreksgenote effektief in groepe kan kommunikeer met gebruikmaking van die korrekte vakterminologie.

.

| | | |
|---|---|---|
| **Letterkunde**<br>Die bereiking van uitkomste sal bewys word wanneer studente<br>• effektief aan groepbesprekings betreffende tersaaklike temas kan deelneem<br>• in staat is om aan die hand verworwe kennis op onafhanklike wyse tekste te ontleed en<br>• 'n klasseminaar kan aanbied waarin kreatiewe werk aan die groep gekommunikeer word. | | |
| **Modulekode: AFLL311** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 7** |
| **Titel: Afrikaans en Nederlands: perspektiewe op taal- en letterkunde (1)** | | |
| **Metode van aflewering: Kontak, voltyds** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>**Taalkunde**<br>Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om<br>• geselekteerde eietydse teoretiese en/of metodologiese benaderings in die taalkunde te verduidelik en toe te pas;<br>• verteenwoordigende Afrikaanse konstruksies te analiseer deur van die analisemetodes van die geselekteerde benaderings gebruik te maak; en<br>• diepgaande insig in genoemde konstruksies en in die aard van taal te vertoon deur volledige beskrywings van die eienskappe en kenmerke van geanaliseerde konstruksies te gee.<br><br>**Letterkunde**<br>Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om<br>• die werking van poëtikale opvattings in poëtiese tekste te kan aantoon en interpreteer;<br>• die invloed van teoretiese benaderinge op die bestudering van die poësie en die drama te kan verreken en bespreek;<br>• enkele geselekteerde kontemporêre teoretiese benaderinge te kan gebruik in die analise en interpretasie van poëtiese en dramatiese tekste;<br>• die oeuvres van belangrike Afrikaanse digters en dramaturge deur die bestudering van geselekteerde gedigte en dramas so deeglik te ken dat daar sinvol en uitvoerig geskryf kan word oor die literêr-teoreties implikasies van tematiek, tegniek en die historiese posisie van hierdie skrywers en hulle werk; en<br>• op literatuurwetenskaplike wyse die gedigte en dramas van enkele prominente twintigste-eeuse Nederlandse skrywers te kan beskryf, analiseer en interpreteer | | |
| **Modulekode: AFLL321** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 7** |
| **Titel: Afrikaans en Nederlands: Perspektiewe op taal- en letterkunde (2)** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>**Taalkunde**<br>Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om<br>• kernbegrippe van die sosio- en/of die psigolinguistiek te definieer en toe te pas;<br>• verbande tussen die sosio- en psigolinguistiek onderling, en met grammatikale beskrywing sistematies te verduidelik;<br>• aan te toon hoe taalkontak in Suid-Afrika tot taalbeïnvloeding lei met spesifieke verwysing na kodewisseling in hedendaagse Afrikaans;<br>• aan te dui hoe die veranderende taalomgewing waarbinne Afrikaans sigself bevind 'n invloed op taalstruktuur uitoefen; en<br>selfstandige data-versameling en data-analise te doen, waarin variante taalvorme geïdentifiseer word en gemotiveerde interpretasies te maak van die moontlike faktore wat die keuse van spesifieke variante ondersteun.<br><br>**Letterkunde**<br>Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om<br>• 'n uitvoerige narratologiese analise van geselekteerde Afrikaanse en Nederlandse romans (en in bepaalde gevalle films) te kan maak; | | |

- geselekteerde Afrikaanse en Nederlandse prosatekste te interpreteer en te evalueer aan die hand van verskillende poststrukturalistiese literêre teorieë;
- Afrikaanse en Nederlandse romans te kan vergelyk na aanleiding van tema en styl; en
- die verhouding tussen teksanalise en literêr-teoretiese interpretasie te begryp en op verantwoorde wyse te gebruik in uitvoerige geskrewe werkstukke

**Metode van aflewering: Kontak, voltyds**

**Assesseringsmetodes**:

**Taalkunde**

Die bereiking van uitkomste sal bewys word wanneer studente

- die geslaagheid al dan nie van 'n verskeidenheid Afrikaanse tekssoorte kan bepaal aan die hand van analise en evaluering;
- die keuses van skrywers op onder andere sintaktiese en semantiese vlak kan motiveer;
- gepaste metodes kan aanwend om die leesbaarheidsindeks van tekste te verhoog;
- selfstandig 'n navorsingsverslag kan skryf deur bronne so te gebruik dat dit spreek van effektiewe navorsingsvaardigheid; en
- die vakkundige kennis oor die Afrikaanse taalkunde kan oordra en implementeer in beroepsituasies.

**Letterkunde**

Die bereiking van uitkomste sal bewys word wanneer studente

- in staat is om op onafhanklike wyse enige ander gedigte, buiten daardie wat in die klasverband hanteer is, kan analiseer en sinvolle kommentaar kan lewer;
- die kontemporêre literêre teorieë kan toepas op gedigte;
- in groepsverband gesprekke te kan voor oor relevante temas;
- sinvol kan gesprek voer oor relevante temas deur die terminologie korrek te gebruik;
- selfstandig 'n navorsingsverslag kan skryf deur bronne so te gebruik dat dit spreek van effektiewe navorsingsvaardigheid;
- in groepsgesprekke kreatief en sinvol kan redeneer oor die rol en waarde van die estetika betreffende ideologiese en etiese kwessies;
- 'n film selfstandig kan evalueer;
- die verskille tussen die woordteks en die beeldteks verduidelik, en die vertaling van die woordteks na die beeldteks kan ontleed; en
- die vakkundige kennis oor die Afrikaanse letterkunde te kan oordra en te implementeer in beroepsituasies.

| Modulekode: BMAN 111 | Semester 1 | NKR-Vlak: 5 |
|---|---|---|

**Titel: Inleiding tot Ondernemingsbestuur**

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student:

- 'n omvattende en sistematiese kennis van die aard van ondernemingsbestuur, oprigtingsvraagstukke van 'n nuwe onderneming, die verskillende ondernemingsfunksies en die basiese elemente van 'n ondernemingsplan kan beskryf;
- vaardighede demonstreer gebaseer op insig van teorieë en konsepte, om oprigtingsvraagstukke van nuwe ondernemings te identifiseer, om verskillende ondernemingsfunksies te identifiseer en om 'n basiese SSGB analise en ondernemingsplan op te stel; en
- die vermoë demonstreer om 'n literatuurstudie en omgewingsoorsig te kan uitvoer, 'n verslag voor te berei as individu of as lid van 'n groep te kommunikeer, skriftelik sowel as mondelings tot 'n gehoor.

**Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds**

**Assesseringsmetodes:** Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 40
2 klasopdragte: gewig – 10
Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50
Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering.

| Modulekode: BMAN121 | Semester 2 | NKR-Vlak: 5 |
|---|---|---|
| **Titel: Algemene bestuur** | | |

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student:

- bestuur in verskillende kontekste te kan gebruik;
- ŉ bestuursingesteldheid te toon;
- verslag te doen oor bestuur en bestuurders in ŉ veranderende wêreld;
- die onderliggende beginsels van beplanning kan verstaan en gebruik;
- organisasiestruktuurontwerp kan doen en die menslike hulpbronproses kan verstaan;
- te verstaan hoe om aan werknemers leiding te gee en werknemers te vergoed;
- die beginsels van beheer in sake-situasies te kan toepas;
- sy kennis in besluitneming te kan toepas;
- vertroud te wees met die bestuur van verandering, stres en innovasie, motivering, leierskap en vertroue;
- sinvol as deel van ŉ span te kan funksioneer;
- doelwitbestuur te kan evalueer en toepas;
- ŉ etiese benadering in alle werksaamhede te kan toon;
- doeltreffend op ŉ individuele grondslag en in groepe te kan kommunikeer; en
- ten minste die helfte van sy opdragte in Engels, die sakewêreldtaal, kan doen.

**Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Formatief: 2 - 3 Klastoetse: gewig – 30
1 Werksopdrag: gewig – 15
1 - 2 Ander opdragte en/of toetse: gewig – 5
Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50
Hierdie is ŉ riglyn en onderhewig aan verandering.

| Modulekode: BMAN211 | Semester 1 | NKR-Vlak: 6 |
|---|---|---|
| **Titel: Inleiding tot Bemarkingsbestuur** | | |

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- die aard van bemarkingsbestuur te verstaan;
- ŉ oorsig van die bemarkingsomgewing te kan weergee en verstaan;
- die rol van bemarkingsinligting in die bemarkingsproses te verduidelik;
- die begrip 'bemarkingsnavorsing' akkuraat te kan omskryf;
- bemarkingsnavorsing as instrument om inligting in te samel vir probleemoplossing te kan verduidelik;
- verbruikersgedrag en verbruikerbesluitneming te kan verduidelik;
- die proses van marksegmentering, teikenmarkbepaling en posisionering te kan verduidelik; en
- die komponente van die bemarkingsmengsel te kan identifiseer en verduidelik.

**Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Formatief: 2 - 3 Klastoetse: gewig – 30
1 Werksopdrag: gewig – 15
1 - 2 Ander opdragte en/of toetse: gewig – 5
Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50
Hierdie is ŉ riglyn en onderhewig aan verandering.

| Modulekode: BMAN212 | Semester 1 | NKR-Vlak: 6 |
|---|---|---|
| **Titel: Entrepreneuriese vaardighede** | | |

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student:

- te weet hoe om tot hulpbronne benodig vir ŉ suksesvolle bestuurs- / entrepreneurskap-loopbaan toegang kan kry;
- geleenthede in verskillende bedrywe en studievelde te kan ontdek;
- sy belangstellings, persoonlikheid, talente en waardes te kan ontdek en dit in verband te bring met die gekose bedryf en loopbaanvelde;
- ŉ persoonlike ontwikkelingsplan met ŉ visie en doelstellings te kan ontwikkel

| | | |
|---|---|---|
| • inkomste en uitgawes wys kan beplan en die gebruik van syfers in die alledaagse lewe verbeter; en<br>• sy persoonlike ontwikkelingsplan te kan implementeer deur aan verskillende gehore te kommunikeer wat geleer is, funksionele geletterheid te verbeter, relevante terugvoer te kan ontvang en gee, homself beter te kan verstaan en kan uitdruk, om sy emosies te verstaan, selfbeheer te kan toepas, goeie interpersoonlike vaardighede te kan demonstreer en funksionele besigheidstaal effektief te kan gebruik. | | |
| **Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds | | |
| **Assesseringsmetodes:** Formatief: 2 - 3 Klastoetse: gewig – 35<br>1 - 2 Werksopdragte: gewig – 20<br>2 Ander opdragte: gewig – 15<br>Summatief: 1 x 2-uur Eksamen: gewig – 30<br>Hierdie is ŉ riglyn en onderhewig aan verandering. | | |
| **Modulekode: BMAN221** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 6** |
| **Titel: Aankoop- en Voorsieningsketting bestuur** | | |
| Module-uitkomste:Na voltooiing van die module behoort die student:<br>• ŉ oorsig te gee oor aankoopbestuur;<br>• te verstaan hoe om die voorsieningsbronne te bestuur met klem op die keuse van verskaffers;<br>• die sleutel prestasie-areas van aankoop en voorsiening te bepaal;<br>• te verstaan hoe die instrumente wat in die bestuur van aankope en voorsiening en elektroniese inligting gebruik word; en<br>• die areas van toepassing in aankope en voorsiening te identifiseer en verstaan. | | |
| **Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds | | |
| **Assesseringsmetodes:** Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 35<br>2 Werksopdragte / Huiswerkopdragte: gewig – 15<br>Summatief: 1 x 3-uur Eksamen; gewig – 50<br>Dit is ŉ riglyn en onderhewig aan verandering. | | |
| **Modulekode: BMAN222** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 6** |
| **Titel: Entrepreneuriese geleenthede** | | |
| **Module-uitkomste:**Na voltooiing van die module kan die student:<br>• die term entrepreneurskap in verskillende kontekste gebruik;<br>• ŉ entrepreneuriese ingestelheid toon;<br>• verslag kan doen oor die elemente van entrepreneurskap;<br>• die funksionering van die brein, breinvoorkeure en denkvaardighede verstaan;<br>• sy denke en selfspraak bestuur;<br>• struikelblokke identifiseer en weet hoe om dit te oorkom;<br>• omgewings evalueer en geleenthede vir kreatiewe toepassing op alle lewensterreine identifiseer;<br>• die eienskappe en vaardighede vir entrepreneuriese sukses verstaan en benut;<br>• toepaslike kreatiewe tegnieke gebruik om idees te genereer en probleme op te los;<br>• in idee-genererende spanne werk;<br>• die vaardighede toon wat noodsaaklik is vir kreatiewe entrepreneuriese denke;<br>• die aanvanklike stappe beplan en uitvoer om ŉ oplossing of projek prakties te implementeer;<br>• ŉ etiese benadering in alle werksaamhede toon; en<br>• doeltreffend op ŉ individuele grondslag en in groepe kommunikeer. | | |
| **Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds | | |
| **Assesseringsmetodes:** Formatief: 2 - 3 Klastoetse: gewig – 35<br>1 - 2 Werksopdragte: gewig – 20<br>1 - 2 Ander opdragte: gewig – 15<br>Summatief: 1 x 2-uur Eksamen: gewig – 30<br>Hierdie is ŉ riglyn en onderhewig aan verandering. | | |

| Modulekode: ONBP311 | Semester 1 | NKR-Vlak: 7 |
|---|---|---|
| **Titel: Lewensvatbaarheidstudies** | | |

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student:

- die konsep lewensvatbaarheid, sy komponente en fases, geleentheididentifisering en -seleksie, die produkontwikkelingsproses, die redes, inligtingsbehoeftes, metodes en doel van marktoetsing te verduidelik;
- die beplanning en bestuur van die produkbekendstelling, die invloed van aanvaarding van verbruikers, tipes markte en metodes om huidige en toekomstige vraag te bepaal, kragte van mededinging en 'n mededingerontleding te kan omskryf; en
- die verskillende begrotings te kan opstel en die tydwaarde van geld en investeringsbesluite te kan uitvoer.

**Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes : Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 35
1 Geïntegreerde opdrag: gewig – 10
2 Klasopdragte: gewig – 5
Summatief: 1 x 3-uur eksamen: gewig – 50
Hierdie is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.

| Modulekode: BMAN311 | Semester 1 | NKR-Vlak: 7 |
|---|---|---|
| **Titel: Finansiële Bestuur** | | |

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student:

- 'n omvattende en sistematiese kennis van finansiële state en kontantbestuur, vaste bates, analise van finansiële bestuur en bedryfskapitaal, tydwaarde van geld, waardasie en interne opbrengskoers, finansiële besluit en dividend beleid te kan demonstreer;
- vaardighede gebaseer op ingeligte insig van teorieë en konsepte, evaluering en analisering van finansiële state, berekening van alle berekenings oor die tydwaarde van geld, finansiële aspekte en die neem van besluite gebaseer op hierdie bevindinge te kan demonstreer; en
- die vermoë om 'n literatuurstudie en omgewingsverslag uit te voer, 'n verslag oor finansiële vraagstukke voor te berei en as 'n individu of lid van 'n groep dit te kommunikeer, skriftelik of mondelings aan 'n gehoor te demonstreer.

**Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 35
1 Geïntegreerde werksopdrag: gewig – 10
2 Klas opdragte: gewig – 5
Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50
Hierdie is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.

| Modulekode: BMAN312 | Semester 1 | NKR-Vlak: 7 |
|---|---|---|
| **Titel: Entrepreneurskap** | | |

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student:

- te verstaan wat entrepreneurs en entrepreneurskap behels;
- die konteks van entrepreneurskap te kan gebruik;
- verslag te doen oor hoe om te werk te gaan in die soeke na lewensvatbare idees;
- die onderliggende beginsels van die beplanning van 'n nuwe onderneming te verstaan en te kan gebruik;
- mededingende voordeel as sleutelsukses faktor te kan toepas;
- te weet hoe om 'n nuwe onderneming te organiseer;
- die lansering van 'n nuwe onderneming te kan doen;
- die beginsels van bestuur in sakesituasies te kan toepas;
- jou kennis in besluitneming te kan toepas;
- vertroud te wees met die bestuur van die menslike hulpbron in 'n nuwe onderneming;
- sinvol as deel van 'n span te kan funksioneer;
- van die belangrikste gebeurlikheidsfaktore van entrepreneurskap te kan toepas;

| | | |
|---|---|---|
| • deur middel van die gevallestudies meer van die oprigting van nuwe ondernemings te leer;<br>• 'n etiese benadering in alle werksaamhede te toon;<br>• doeltreffend op 'n individuele grondslag en in groepe te kan kommunikeer; en<br>• ten minste die helfte van jou opdragte in Engels te doen – die taal van die sakewêreld. | | |
| **Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds | | |
| **Assesseringsmetodes:** Formatief: 2 - 3 Klastoetse: gewig – 30<br>1 - 2 Werksopdragte: gewig – 15<br>1 - 2 Ander opdragte: gewig – 5<br>Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50<br>Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering. | | |
| **Modulekode: BMAN 321** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 7** |
| **Titel: Strategiese Bestuur** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:<br>• 'n sistematiese en teoretiese kennis van die elemente van 'n strategiese plan te demonstreer;<br>• gepaste besigheidstrategieë, bedreigings en geleenthede wat bydra tot 'n gesonde besigheid te identifiseer; en<br>• 'n strategiese plan vir 'n onderneming op te stel en te fasiliteer. | | |
| **Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds | | |
| **Assesseringsmetodes:** Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 25<br>3 Geïntegreerde werksopdragte: gewig – 25<br>Summatief: 1x 3 uur Eksamen: gewig – 50<br>Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering. | | |
| **Modulekode: ONBP321**<br>**Ou modulekode: ONBP 324** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 7** |
| **Titel: Ondernemingsplan** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student:<br>• in staat te wees om kennis oor die ondernemingsplan te demonstreer en die omvang daarvan te verstaan;<br>• die belangrikheid van die opstel van funksionele planne as deel van die ondernemingsplan te begryp; en<br>• in staat te wees om 'n plan te ontwikkeling vir 'n nuwe onderneming. | | |
| **Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds | | |
| **Assesseringsmetodes:** Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 25<br>3 Geïntegreerde werksopdragte: gewig – 25<br>Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50<br>Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering. | | |
| **Modulekode: BSWG111**<br>**(G402V & G403V)** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 5** |
| **Titel:Inleiding tot maatskaplike werk as 'n professie** | | |
| **Module-uitkomste:**Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om kennis en begrip te demonstreer:<br>• van maatskaplike werk as 'n professie;<br>• die verband tussen maatskaplike werk en maatskaplike welsyn;<br>• die verwantskap tussen maatskaplike werk en ander dissiplines; die intervensiemetodes van maatskaplike werk; en<br>• die maatskaplike diensleweringsisteem. | | |
| **Metode van aflewering:** Voltyds | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |

| Modulekode: BSWG112 (G402V) | Semester 1 | NKR-Vlak: 5 |
|---|---|---|
| **Titel: Menslike gedrag in die maatskaplike omgewing oor die lewensverloop** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:<br>• kennis en begrip te demonstreer van die normale/gesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens oor sy/haar lewensverloop;<br>• sy/haar kennis en begrip te kan demonstreer in die verskil tussen normale/gesonde en abnormale/ongesonde maatskaplike ontwikkeling;<br>• kennis en begrip demonstreer van die maatskaplike omstandighede wat 'n bydrae lewer tot en 'n invloed uitoefen op menslike funksionering. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |

| Modulekode: BSWG113 (G402V) | Semester 1 | NKR-Vlak: 5 |
|---|---|---|
| **Titel: Inleiding tot professionele gedrag** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:<br>• kennis en begrip van die fasiliterende kwaliteite en eienskappe van professionaliteit in maatskaplike werk te demonstreer;<br>• bedrewenheid in die toepassing van basiese interpersoonlike vaardighede in onderhoudsvoering te openbaar. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |

| Modulekode: BSWG114 (G403V) | Semester 1 | NKR-Vlak: 5 |
|---|---|---|
| **Titel: Die wetenskaplike grondslag van maatskaplikewerk-praktyk** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>Na voltooiing van die module sal die student die volgende toon:<br>• ingeligte kennis van sleutelteorieë en konsepte wat maatskaplikewerk-praktyk rig;<br>• 'n vermoë om bekende psigososiale probleme vanuit 'n teoretiese perspektief oor maatskaplike werk op te los;<br>• 'n vermoë om die implikasies van professionele waardes en gedragskodes in ag te neem wanneer teorieë van maatskaplike werk toegepas word. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |

| Modulekode: BSWG121 (G402V) | Semester 2 | NKR-Vlak: 5 |
|---|---|---|
| **Titel: Lewensvaardighede en berading** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:<br>• kennis en begrip van lewensvaardighede as 'n primêre, sekondêre en tersiêre voorkomingsmeganisme te demonstreer;<br>• bedrewenheid in die ontwerp en implementering van lewensvaardigheidsprogramme te openbaar. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |

| Modulekode: BSWG122 (G402V) | Semester 2 | NKR-Vlak: 5 |
|---|---|---|
| **Titel: Die wese van maatskaplike ontwikkeling** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:<br>• kennis en begrip te demonstreer van maatskaplike ontwikkeling as 'n benadering in maatskaplike werk;<br>• te kan beskryf hoe maatskaplike ontwikkeling deur maatskaplike werk tot stand kom; | | |

- die aard van maatskaplike ontwikkelingsdienste in Suid-Afrika kan verduidelik.

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1

| **Modulekode: BSWG211 (G402V)** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 6** |
|---|---|---|

**Titel: Maatskaplike gevallewerk: teorie en praktyk**

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- kennis en begrip van die aard van gevallewerk as metode in maatskaplike werk kan demonstreer;
- kennis en begrip van individuele- en gesinsintervensie-prosesse kan demonstreer;
- kennis en begrip van onderhoudsvoering, sowel as van die vermoeë om vir die onderhoud voor te berei, kan demonstreer;
- oor die vermoeë beskik om die waardes, etiese beginsels en wetlike verpligtinge verbonde aan maatskaplike gevallewerk toe te pas;
- oor die vermoeë beskik om professionele gedrag, soos bepaal deur die etiese kode vir Suid-Afrikaanse maatskaplike werkers, te evalueer;
- oor die vermoeë beskik om etiese besluite te neem en sy/haar keuses te motiveer;
- oor die vermoeë beskik om maatskaplike gevallewerk-verslae te kan skryf.

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1

| **Modulekode: BSWG212 (G402V)** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 6** |
|---|---|---|

**Titel: Kindersorgwetgewing en verbandhoudende maatskaplikewerk-intervensies**

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- kan onderskei tussen die voorkomende kindgesentreerde dienste, vroeë intervensie-strategieë, statutêre diens-lewering en 'n kontinuum van maatskaplikewerk-dienste wat in Suid Afrika aan kinders gelewer word;
- dienste en operasionele strategieë vir kinders en jeugdiges in die gemeenskap kan identifiseer, analiseer en beskryf en dit in belang van kinders en jeugdiges in die praktyk aan kan wend; en
- kennis en begrip kan demonstreer oor hoe om kinders volgens bepaalde wetgewing, etiese optrede, waardes en norme te beskerm en om dienste te beplan wat spesifiek op hulle behoeftes afgestem is

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1

| **Modulekode: BSWG213 (G402V)** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 6** |
|---|---|---|

**Titel: Inleiding tot maatskaplike beleid, maatskaplike welsynsbeleid en maatskaplike werkbeleid**

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- begrip van die sleutelelemente, funksies, beginsels en die ontwikkeling van maatskaplike welsynsbeleid en die rol van die maatskaplike werker kan demonstreer;
- begrip van die Suid-Afrikaanse welsynsisteem kan demonstreer

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1

| **Modulekode: BSWG214 (G403V)** | **Semester 1** | **NKR-vlak: 6** |
|---|---|---|

**Titel: Inleiding tot kindersorgwetgewing**

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:

- 'n begrip van die aard van kindersorgwetgewing, met spesifieke verwysing na die regte van kinders;
- gedetailleerde kennis en begrip van kindgesentreerde dienste in Suid-Afrika en die

vermoë om te onderskei tussen dienste aan kinders op alle vlakke van die kontinuum van maatskaplikewerk-dienslewering, insluitende voorkoming, vroeë voorkoming, statutêre dienste, rekonstruksiedienste en nasorgdienste;

- ’n begrip oor hoe om dienste en bedryfstrategieë vir kinders in die gemeenskap te identifiseer, asook om die dienste en strategieë wat in die beste belang van die kind sal wees, te ontleed en beskryf;
- ’n vermoë om binne spesifieke wetlike beperkinge probleme ten opsigte van die beskerming van kinders te identifiseer, evalueer en op te los;
- ’n begrip van die etiese implikasies van kindgesentreerde dienste;
- ’n begrip oor hoe om dienslewering te beplan wat spesifiek op die behoeftes van kinders fokus;
- ’n vermoë om komplekse inligting wat aan kindersorgwetgewing voldoen op ’n betroubare en samehangende manier te selekteer, aan te bied en te kommunikeer.

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1

| **Modulekode: BSWG221 (G402V)** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 6** |
|---|---|---|

**Titel: Maatskaplike groepwerk as 'n metode: teorie en praktyk**

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- insig kan demonstreer van die rol van maatskaplike groepwerk as een van die metodes van maatskaplike werk;
- die groep as 'n holistiese sisteem kan verstaan;
- die waardes en beginsels van maatskaplike groepwerk kan identifiseer en demonstreer hoe hierdie waardes en beginsels in die praktyk toegepas kan word;
- die verskillende soorte groepe in maatskaplike groepwerk kan evalueer;
- die verskillende take in die beplanning van maatskaplike groepwerk kan identifiseer;
- tussen die verskillende fases van die maatskaplike groepwerkproses en die rolle van die maatskaplike werker tydens elkeen, kan onderskei (horisontale en vertikale benadering)
- hierdie fases tydens dienslewering aan 'n groep kan implementeer;
- 'n voorstel kan skryf waardeur 'n instansie oorreed word van die behoefte aan 'n groepwerk groep.

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1

| **Modulekode: BSWG222 (G402V)** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 5b(6)** |
|---|---|---|

**Titel: Gemeenskapswerk as 'n metode: teorie en praktyk**

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- sy/haar kennis van die aard en konteks van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling kan *demonstreer,*
- vir hom/haarself ’n persoonlike diensleweringscredo – wat gebaseer is op die etiese beginsels van maatskaplike werk – *kan formuleer,*
- bepaalde gemeenskapswerkverwante vaardighede – wat insluit om in groepe saam te werk, praktyksituasies krities te analiseer, gedagtes skriftelik te formuleer en openbare voordragte kan maak – *toe kan pas* en
- vorige toepassings van die gemeenskapsopvoedingsmodel van gemeenskapswerk *kan evalueer* en aan die hand daarvan, asook sy/haar nuut verworwe kennis en insig, riglyne vir die verbeterde toepassing daarvan *kan formuleer.*

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1

| Modulekode: BSWG223 (G402V) | Semester 2 | NKR-Vlak: 6 |
|---|---|---|

**Titel: Basiese beginsels van maatskaplikewerk-bestuur**

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:
- deeglike kennis van die bestuursproses kan demonstreer;
- bestuurstrategieë effektief kan selekteer en toepas; en
- die rolle en funksies van bestuur kan toepas

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1

| Modulekode: BSWG224 (G402V) | Semester 2 | NKR-Vlak: 6 |
|---|---|---|

**Titel: Menseregte en maatskaplike geregtigheid**

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:
- die konsep "menseregte" kan verduidelik;
- die konsepte 'maatskaplike geregtigheid' en 'maatskaplike ongeregtigheid' kan bespreek;
- kan verduidelik hoe die doelstellings van maatskaplike werk binne die raamwerk van maatskaplike geregtigheid inpas;
- die artikels toepaslik vir maatskaplike werk in die relevante Verenigde Nasies dokumentasie kan identifiseer;
- die konsep van menseregte soos vervat in die Handves van Menseregte en beskryf in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, in maatskaplike werk kan toepas;
- die missie en funksies van die Menseregtekommissie kan beskryf.

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1

| Modulekode: BSWG226 (G403V) | Semester 2 | NKR-vlak:6 |
|---|---|---|

**Titel:** Ontwikkelingsgerigte welsynsbeleid A

**Module-uitkomste:**
Na voltooiing van hierdie module moet die student die volgende kan toon:
- gedetailleerde kennis en begrip van maatskaplikewelsyn-beleide en die doel waarvoor dit geskep is, asook die doel van die beleid, en 'n begrip van die rol van maatskaplike werk ten opsigte van beleide;
- gedetailleerde kennisgeletterdheid oor welsynsbeleide en die invloed daarvan op dienste wat deur maatskaplike werkers gelewer word; die vermoë om die interverwantskap van maatskaplike welsynsbeleide, wetgewing en maatskaplike werk te evalueer; en 'n begrip van hoe die betrokke regeringstrukture funksioneer;
- die vermoë om beleide en wetgewing in verband te bring en te interpreteer met verwysing na praktiese opsette waarin maatskaplike werkers werk/funksioneer;
- die vermoë om verworwe kennis in probleemoplossing te gebruik; en die vermoë om gapings te identifiseer en evalueer, en maatskaplike kwessies deur die implementering van die maatskaplikewelsyn-beleid op te los;
- kennis en begrip van etiese aspekte en van die verpligting van maatskaplike werkers ten opsigte van hulle etiese pligte;
- die vermoë om bestaande maatskaplikewerk-kwessies te evalueer en dit op grond van die huidige welsynstelsel in Suid-Afrika te ontleed;
- 'n begrip van hoe die toepaslike regeringstrukture werk.

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1

| Modulekode: BSWG311 (G402V & G403V) | Semester 1 | NKR-Vlak: 7 |
|---|---|---|

**Titel: Benaderings, teorieë en modelle in maatskaplike werk**

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

<table>
<tr><td colspan="3">

- te kan verduidelik hoe die kennisbasis van maatskaplike werk saamgestel is;
- ’n goeie begrip van die kennisbasis van die verskillende benaderings en modelle in maatskaplike werk kan demonstreer;
- kan onderskei tussen die verskillende soorte teorieë, modelle en benaderings in maatskaplike werk;
- die teoretiese basis en aard van die sekere benaderings en modelle kan beskryf.

</td></tr>
<tr><td colspan="3">Metode van aflewering: Voltyds</td></tr>
<tr><td colspan="3">Assesseringsmetodes: PK 1 x 2 uur 1:1</td></tr>
<tr><td>Modulekode: BSWG312 (G402V)</td><td>Semester 1</td><td>NKR-Vlak: 7</td></tr>
<tr><td colspan="3">Titel: Gevorderde maatskaplike gevallewerk: teorie en praktyk</td></tr>
<tr><td colspan="3">Module-uitkomste: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- te kan verduidelik hoe die kennisbasis van maatskaplike werk saamgestel is;
- weerstand by kliënte kan hanteer;
- ’n ekosistemiese assessering van die kliënt en sy omgewing kan doen;
- relevante tegnieke met individue en hul omgewings toe kan pas;
- die evaluering- en assesseringsinstrumente in mikro-praktyk/kliniese maatskaplike werk kan gebruik;
- die modelle en benaderings in sy praktyk kan toepas

</td></tr>
<tr><td colspan="3">Metode van aflewering: Voltyds</td></tr>
<tr><td colspan="3">Assesseringsmetodes: PK 1 x 2 uur 1:1</td></tr>
<tr><td>Modulekode: BSWG313 (G402V)</td><td>Semester 1</td><td>NKR-Vlak: 7</td></tr>
<tr><td colspan="3">Titel: Gevorderde gemeenskapswerk: teorie en praktyk</td></tr>
<tr><td colspan="3">Module-uitkomste: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- sy/haar kennis en insig van die aard en veral toepassing van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling *kan demonstreer;*
- bepaalde gemeenskapswerkverwante vaardighede *toe kan pas* – wat insluit om in groepe saam te werk, praktyksituasies krities te analiseer, beplande gemeenskapswerkoptrede skriftelik te formuleer en openbare voordragte kan maak;
- een of meer van die vyf gemeenskapswerkmodelle (in die vorm van praktyknaboosings) *kan toepas.*

</td></tr>
<tr><td colspan="3">Metode van aflewering: Voltyds</td></tr>
<tr><td colspan="3">Assesseringsmetodes: PK 1 x 3 uur 1:1</td></tr>
<tr><td>Modulekode: BSWG321 (G402V)</td><td>Semester 2</td><td>NKR-Vlak: 7</td></tr>
<tr><td colspan="3">Titel: Gevorderde maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk</td></tr>
<tr><td colspan="3">Module-uitkomste: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- sy/haar bevoegdheid kan demonstreer deur die verskillende modelle en teorieë in maatskaplike groepwerk van mekaar te onderskei, te evalueer en toe te pas;
- maatskaplike groepwerk intervensies kan beplan en toepas;
- die verskillende leierskapsrolle en vaardighede van die maatskaplike werker kan onderskei en in die praktyk kan toepas;
- die vaardigheid kan demonstreer om met verskillende tipes gedragswyses in 'n groep te handel;
- kan demonstreer hoe diversiteit in 'n groep hanteer sal word;
- die noodsaaklikheid van evaluering en meting in maatskaplike groepwerk kan bewys en 'n eie evalueringsraamwerk saam kan stel;
- 'n maatskaplike groepwerk projek kan evalueer; en
- 'n maatskaplike groepwerk projek van ses byeenkomste aan kan bied.

</td></tr>
<tr><td colspan="3">Metode van aflewering: Voltyds</td></tr>
</table>

| | | |
|---|---|---|
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode: BSWG322** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 7** |
| **Titel: Maatskaplike werk met gesinne en kinders: konsepte en vaardighede vir effektiewe dienslewering** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:<br>• die nodige vaardighede en tegnieke in huweliksbegeleiding en –berading kan identifiseer;<br>• 'n koherente en kritiese begrip van huweliksprobleme hê;<br>• ’n indiepte en sistematiese kennisbasis waarbinne met kinders gewerk word, kan formuleer en motiveer;<br>• die vereistes waaraan ’n maatskaplike werker wat met kinders werk moet beantwoord, kan verduidelik;<br>• die toepaslike vaardighede en tegnieke om kinders kan hanteer, te selekteer; en<br>• met sensitiwiteit en empatie teenoor kliënte kan optree. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 2 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode: BSWG323 (G402V)** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 7** |
| **Titel: Gevorderde maatskaplike beleid, maatskaplike welsynsbeleid en maatskaplikewerk-beleid** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:<br>• die voorsiening van welsynsdienste in Suid-Afrika krities kan beoordeel;<br>• maatskaplike bestaansbeveiliging in Suid-Afrika krities kan beoordeel;<br>• die huidige status en posisie van die maatskaplikewerk-professie binne die Suid-Afrikaanse konteks krities kan beoordeel. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode: BSWG411** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 8** |
| **Titel: Misdaad en forensiese maatskaplike werk (PK & VDK)** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student:<br>• die maatskaplike werker se plek in die reg en in die hof te verstaan en kan verduidelik;<br>• die voordele van spesialis opleiding in maatskaplike werk kan bespreek;<br>• die verskillende howe in Suid-Afrika kan bespreek en die hele hofsisteem en -prosedures kan verduidelik;<br>• die hele verloop van die kriminele hof prosedure kan verduidelik;<br>• die beginsels van bewysreg asook die vereistes van 'n deskundige in die hof kan bespreek en verduidelik;<br>• die artikels van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 wat van toepassing is op die maatskaplike werker ken en kan toepas;<br>• die verskillende strafteorieë en die verskillende strafvorme kan verduidelik;<br>• egskeiding in Suid-Afrika, in samehang met die nodige wetgewing, in perspektief kan plaas;<br>• verskillende verslae (insluitende voorvonnisverslae; en ouerskapsplanne) aan die hof kan voorsien. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode: BSWG413** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 8** |
| **Titel: Maatskaplike werk in sekondêre opsette (PK & VDK)** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:<br>• die psigososiale aspekte van gesondheid, siekte en gestremdheid te kan bespreek.<br>• die emosionele reaksies van ’n gestremdheid te kan bespreek. | | |

| | | |
|---|---|---|
| • die houding, waardes en etiek van gesondheidswerkers verstaan.<br>• psigososiale probleme in geselekteerde gesondheidstoestande, siektes en gestremdhede te kan bespreek; en<br>die verskillende psigososiale intervensies te kan bespreek. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode: BSWG414** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 8** |
| **Titel: Maatskaplikewerk-dienste aan spesifieke kliëntsisteme (PK & VDK)** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:<br>• die kenmerke en probleme van bejaardes kan identifiseer;<br>• maatskaplike beleid en wetgewing rakende bejaardheid kan interpreteer;<br>• beskikbare hulpmiddels, fasiliteite, dienste, programme en projekte rakende bejaardes kan identifiseer;<br>• die verskynsel van MIV en Vigs verstaan;<br>• die teorieë van MIV en Vigs kan beskryf;<br>• die maatskaplike beleid en wetgewing rakende MIV en Vigs kan interpreteer;<br>• die beskikbare hulpbronne, fasiliteite, dienste, programme en projekte rakende MIV en Vigs kan identifiseer;<br>• armoede as universele verskynsel kan omlyn en die teorieë onderliggend aan die verskynsel analiseer;<br>• die oorsake en gevolge van armoede kan identifiseer en analiseer;<br>• die maatskaplike beleid en wetgewing rakende armoede kan interpreteer;<br>• beskikbare hulpbronne, fasiliteite, dienste, programme en projekte rakende armoede kan identifiseer;<br>• die verskillende vorme van gestremdheid kan identifiseer;<br>• die maatskaplike beleid en wetgewing wat op gestremdheid betrekking het, kan interpreteer; en<br>• die beskikbare hulpbronne, fasiliteite, dienste, programme en projekte rakende gestremdheid kan identifiseer. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode: BSWG415** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 8** |
| **Titel: Gesins- en kinderterapie** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:<br>• die konsep 'gesin' verstaan en sy/haar persoonlike en professionele waardes en etiese standaarde daaromtrent kan vorm.<br>• die kompleksiteit waarbinne gesinne funksioneer kan bespreek.<br>• die gesin binne die totale familiesisteem kan eksploreer en assesseer.<br>• die gesinssisteem se funksionering kan analiseer en die gesin se sterktes en areas waar daar groei moet plaasvind, kan identifiseer<br>• praktyk bewese ('evidence-based') gesinsintervensie kan selekteer en beplan<br>• assessering en intervensie met mekaar in verband kan stel<br>• die teoretiese perspektiewe waarbinne kinders hanteer word, kan evalueer en die toepaslikheid daarvan kan verduidelik.<br>• die basis van spelterapie volgens die Gestalt en Rasionele Emotiewe Terapie (RET) uiteen kan sit en kan verduidelik;<br>• kan aandui hoe 'n terapeutiese verhouding met die kind, wat op bepaalde beginsels gebaseer is, geskep kan word;<br>• die verskillende tegnieke/hulpmiddels van elke spelvorm kan verduidelik en elk in terme van die bruikbaarheid daarvan kan evalueer;<br>• die ontwikkeling van fantasie by kinders en die doel daarvan kan verduidelik;<br>• kan beskryf hoe die maatskaplike werker kommunikasie met die kind kan verbeter;<br>• kan verduidelik hoe verlies en trauma die kind se gedrag kan affekteer, en oplossings | | |

| | | |
|---|---|---|
| daarvoor aan die hand doen;<br>• die speltegnieke in assessering van seksueel misbruikte kinders kan verduidelik en aanwend;<br>• die redes waarom kinders nie die seksuele misbruik aanmeld nie, kan verduidelik en te fasiliteer;<br>• die probleme waarmee maatskaplike werkers wat met kinders werk te doen kry, kan beskryf en oorbrug. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode: BSWG416** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 8** |
| **Titel: Maatskaplikewerk-intervensies rakende substans misbruik en afhanklikheid** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:<br>• substansmisbruik as globale probleem, met spesifieke verwysing na die konteks van Afrika en die situasie in Suid-Afrika, verstaan;<br>• die verskillende programme en strategieë van die privaat en openbare sektore verstaan en in die stryd teen substansmisbruik en –afhanklikheid kan benut;<br>• kundigheid kan demonstreer rakende dienslewering aan verskillende slagoffers van substansmisbruik insluitende: alkoholiste, persone afhanklik van ander afhanklikheids-vormende stowwe, jeugdiges, vroue en ouer persone;<br>• 'n verskeidenheid van programme van 'n voorkomende aard kan beplan en professioneel uitvoer;<br>• vroeë intervensie en ander vorme van behandeling van die slagoffers van substansmisbruik en hulle gesinne kan implementeer;<br>• bestaande dienste en gemeenskapshulpbronne op 'n professionele wyse en in die beste belang van die slagoffer van substansmisbruik en hulle gesinne, kan identifiseer, eksploreer en ontwikkel;<br>• binne die waardes en etiese kode van maatskaplike werk, korrek op kan tree;<br>• deurlopend 'n kliëntgesentreerde benadering in alle maatskaplikewerk-insette rakende substansmisbruik kan volg;<br>• die interpersoonlike vaardighede wat vereis word vir dienslewering binne 'n multidissiplinêre opset, bemeester; en<br>• sy/haar kennis rakende substansmisbruik kan toepas en hierdie kennis op 'n wetenskaplike wyse kan kommunikeer. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode: BSWG417** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 8** |
| **Titel: Diversiteit in maatskaplike werk** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:<br>• die teoretiese raamwerk waarbinne multi-kulturele maatskaplike werk onderneem word, kan verduidelik;<br>• die konstrukte wat met kultuur en kulturele bekwaamheid verband hou, kan verduidelike en motiveer;<br>• met sensitiwiteit en empatie teenoor verskillende kliënte op kan tree en elk vanuit selfbegrip en openheid kan hanteer;<br>• persoonlike voorkeure identifiseer en voorkom dat eie waardes en norme op kliënte afgeforseer word;<br>• teenoor faktore soos diskriminasie kan veg en etiese beginsels in die praktyk kan toepas;<br>• teoretiese konsepte rakende diversiteit in die maatskaplikewerkpraktyk kan toepas;<br>• van kultureel gedefinieerde gedragspatrone gebruik kan maak ten einde 'n suksesvolle diens in die gemeenskap te lewer;<br>• kritieke maatskaplike kwessies en die instandhouding daarvan bevraagteken, die moontlike negatiewe effek daarvan uitwys en oplossings daarvoor voorstel; | | |

- strategieë om onbillike praktyke te beëindig kan voorstel en aanwend
- kennis en vaardighede in die multi-kulturele maatskaplikewerkpraktyk kan aanwend;
- realistiese doelwitte rakende 'n diverse kliëntsisteem kan daarstel en die bes moontlike diens binne diverse gemeenskappe kan voorsien; en
- met waardigheid teenoor en vir alle moontlike kliënte optree.

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1

| **Modulekode: BSWG418** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 8** |
|---|---|---|

**Titel: Praktykbestuur in maatskaplike werk**

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:
- die prosesse onderliggend aan die praktykbestuurproses kan beskryf, interpreteer en implementeer;
- die organisasie konteks kan verstaan;
- sy/haar eie werk en gevallelading op 'n professioneel verantwoordbare wyse kan bestuur; en
- die rol van supervisie in die maatskaplikewerk-praktyk krities kan evalueer.

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1

| **Modulekode: BSWG471** | **Semester 1 & 2** | **NKR-Vlak: 8** |
|---|---|---|

**Titel: Internskap (PK & VDK)**

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:
- die praktykvereistes wat deur die universiteit en praktykorganisasies gestel word, verstaan en kan nakom;
- die praktykorganisasie waar die mini- internskap gedoen word asook die gemeenskapsverband waarbinne dit funksioneer, ken, verstaan en kan benut;
- professionele-etiese oordeel aan die dag kan lê;
- die nodige maatskaplikewerkdienste aan die individu kan lewer;
- die nodige maatskaplike groepwerkdienste kan lewer;
- die nodige gemeenskapswerk en gemeenskapsontwik-kelingsdienste kan lewe;
- die nodige praktykbestuursvaardighede kan toepas;
- 'n navorsingvoorstel kan saamstel;
- kommunikasievaardighede kan demonstreer;
- insig kan toon in die hulpbronne ten opsigte van bestaansbeveiliging;
- insig kan toon in statutêre beleid en take asook die toepaslike vorms wat voltooi moet word;
- aan die vereistes van die SARMD kan voldoen;
- professioneel-etiese oordeel aan die dag kan lê;
- netwerke kan opbou en binne 'n span kan saamwerk;
- die visie, missie en werksaamhede van 'n beroeps-vereniging, asook die rol van vakbonde en professionele versekering begryp;
- die aansoek om 'n betrekking (insluitende die samestelling van 'n curriculum vitae) en die indiensnemingsprosedures kan hanteer;
- persoonlike behoeftes vir inskakeling in 'n nuwe gemeenskap en werksmilieu kan identifiseer;
- toesighouding (supervisie) sinvol kan benut;
- met die nodige professionaliteit binne 'n nuwe werksmilieu kan funksioneer;
- 'n koherente en kritiese begrip van maatskaplike probleme en die verskillende diensvelde van maatskaplike werk kan demonstreer;
- konkrete en abstrakte probleme en strydvrae met behulp van praktyk bewese oplossings en teorie gedrewe argumente kan hanteer;
- 'n omvattende kennis van hedendaagse maatskaplike vraagstukke en diensleweringsvelde kan demonstreer;

- sy/haar eie idees en menings op 'n gestruktureerde en professionele; wyse aan 'n gehoor kan aanbied; en
- die kwaliteit van sy/haar professionele mondering tydens 'n mondeling eksamen kan bewys.

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** (Sien studiegids)

| **Modulekode: BSWG472** | **Semester 1 & 2** | **NKR-Vlak: 8** |
|---|---|---|

**Titel: Maatskaplikewerk-navorsing: teorie en toepassing**

**Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die konteks en praktyk van maatskaplikewerk-navorsing verstaan;
- die navorsingsproses, insluitende die voorondersoek, steekproeftrekking, navorsingsontwerp, modelle en prosedures begryp;
- die werksmetode van die maatskaplikewerk-navorser kan uitvoer;
- die vereistes en inhoud van 'n navorsingsvoorstel kan bespreek;
- die vereistes en inhoud van 'n navorsingsverslag verstaan;
- die verskillende tipes navorsingsverslae kan onderskei;
- die aard van studieleiding en studiebenutting verstaan en optimaal kan benut;
- toepaslike literatuur in konteks met empiriese data kan bring en integreer;
- basiese statistiek en die grafiese voorstelling van data begryp;
- die verskillende aspekte van meting kan verduidelik, en
- die resultate van navorsing skriftelik in 'n navorsingsverslag kan verwoord.

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** (Sien studiegids)

| **Modulekode: BSWI111 (G403V)** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 5** |
|---|---|---|

**Titel: Lewensvaardighede: teorie en praktyk**

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:

- ingeligte kennis en begrip van die bategebaseerde benadering, wat ’n teorie is wat lewensvaardighede-opvoeding in maatskaplike werk rig;
- ’n begrip van lewensvaardighede-opvoeding as ’n primêre, sekondêre en tersiêre maatreël om te help om persoonlike doeltreffendheid en interaksievaardighede te verbeter;
- die vermoë om ’n lewensvaardighedeprogram te ontwerp en implementeer, en probleme tydens ’n opleidingsimulasie-sessie in die klas op te los;
- die vermoë om inligting betroubaar, akkuraat en samehangend te kommunikeer terwyl ’n lewensvaardighedeprogram ontwerp en geïmplementeer word;
- die vermoë om doeltreffend met ander te werk en hulle as lede van ’n span te respekteer terwyl die lewensvaardighedeprogram geïmplementeer word.

**Metode van aflewering: Voltyds**

**Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1

| **Modulekode: BSWI121 (G403V)** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 5** |
|---|---|---|

**Titel: Professionele gedrag: teorie en praktyk**

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:

- kennis en ingeligte begrip van die noodsaaklike fasiliterende kwaliteite en eienskappe van die maatskaplike werker;
- die vermoë om die basiese interpersoonlike vaardighede in kommunikasie met die kliënt toe te pas;
- die vermoë om eie sterk punte en swakhede as maatskaplikewerkstudent volgens ingesamelde inligting te evalueer;
- kennis oor die rol van die vrywilliger in ’n afdeling van die welsyngebied, en insig in die

| | | |
|---|---|---|
| rol van ’n vrywilliger in die welsynpraktyk;<br>• die vermoë om verantwoordelikheid vir eie leer as maatskaplikewerkstudent te neem;<br>• die vermoë om doeltreffend met groeplede saam te werk om kommunikasietegnieke met kliënte na te vors. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode; BSWI122 (G403V)** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 5** |
| **Titel: Die ontwikkelingsbenadering tot maatskaplike werk en welsyn** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:<br>• ingeligte kennis en ’n begrip van die sleutelterme en -konsepte van maatskaplike ontwikkeling as benadering tot maatskaplike werk; kennis oor hoe maatskaplike ontwikkeling in maatskaplike werk en welsyn na vore gekom het; en die relevansie van maatskaplike ontwikkeling in maatskaplike werk te verduidelik;<br>• die vermoë om die waarde van die ontwikkelingsgerigte benadering teenoor ander makrobenaderings tot welsyn te evalueer; en om ’n bevinding oor die kwessie te formuleer en hulle bevindings te verdedig<br>• die vermoë om in ’n verskeidenheid bekende en nuwe kontekste te werk en ’n begrip van die aard van ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienste in Suid-Afrika aan te toon. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode: BSWI211 (G403V)** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 6** |
| **Titel: Gevallewerk: teorie en praktyk A** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:<br>• gedetailleerde kennis van gevallewerk as metode in maatskaplike werk;<br>• ’n begrip van individuele en gesinsintervensieprosesse;<br>• die vermoë om geskikte onderhoudsmetodes en -tegnieke te selekteer en dit in ’n werklike gevallewerk-/onderhoudsproses toepas;<br>• ’n begrip van die waardes, etiese beginsels en wetlike verpligtinge van ’n maatskaplike werker te verstaan en die implikasies van hulle besluite en optrede ten opsigte van die etiese kode van die SARMDP;<br>• die vermoë om die waardes, etiese beginsels en wetlike verpligtinge van ’n maatskaplike werker in gesimuleerde en werklike praktyksituasies toe te pas;<br>• verskillende inligtingsbronne te evalueer en toepaslike inligting te identifiseer om by gevallewerkverslae in te sluit. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode: BSWI212 (G403V)** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 6** |
| **Titel: Gemeenskapswerk: teorie en praktyk A** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:<br>• gedetailleerde kennis en begrip van die konteks, aard en komponente van gemeenskapswerk as ’n maatskaplikewerk-metode en van die denkrigtings wat ’n rol speel in die manier waarop dit in die praktyk geïmplementeer word;<br>• die proses verduidelik wat in die implementering van gemeenskapswerk in die algemeen en die gemeenskapsopvoedingsmodel in die besonder gevolg word;<br>• die vermoë om ’n praktykscenario te ontleed;<br>• die vermoë om ’n gemeenskapswerkprojek te ontwerp wat op ’n praktyksimulasie gebaseer is en waarin veral die gemeenskapsopvoedingsmodel benut word; en<br>• die vermoë om idees en planne op skrif te stel en om spesifieke | | |

| | | |
|---|---|---|
| gemeenskapswerkverwante vaardighede te benut. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode:BSWI221 (G403V)** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 6** |
| **Titel: Maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk A** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:<br>• ’n begrip van groepwerk as holistiese stelsel en as metode in maatskaplike werk;<br>• die vermoë om tussen verskillende tipes maatskaplikewerk-groepe te differensieer;<br>• ’n begrip van die maatskaplikegroepwerk-proses en die beoefening daarvan, asook ’n begrip van die rol van die maatskaplike werker in elkeen van die fases;<br>• die vermoë om maatskaplikegroepwerk-verslae te skryf. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode; BSWI222 (G403V)** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 6** |
| **Titel: Kindersorgwetgewing en verbandhoudende maatskaplikewerk-dienste** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:<br>• gedetailleerde kennis en begrip ten opsigte van kindersorgwetgewing, asook kennis en vaardighede wat te doen het met die intervensies wat met die beskerming van kinders en die toepassing van spesifieke kindersorgwetgewing verband hou;<br>• die vermoë om die funksionering te evalueer van ’n welsynsorganisasie wat op kindgesentreerde dienslewering fokus en daaroor verslag te doen;<br>• ’n begrip van die etiese implikasies tydens intervensies met kinders wat sorg en beskerming nodig het. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode: BSWI311 (G403V)** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 7** |
| **Titel: Maatskaplike werk met kinders** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:<br>• geïntegreerde kennis en begrip van die skep van ’n terapeutiese verhouding met ’n kind;<br>• ’n begrip van die verskillende spelmateriaal in die fasilitering van die intervensieproses in dienslewering aan ’n kind;<br>• die vermoë om die prosedures toe te pas wat vir intervensie met kinders benodig word;<br>• die vermoë om probleemoplossingsvaardighede in maatskaplike werk met kinders toe te pas en die uitkoms daarvan te evalueer;<br>• die vermoë om die etiese oorwegings aan te dui wanneer daar met kinders gewerk word, en om te demonstreer hoe dit die diens aan kinders kan affekteer;<br>• die vermoë om toepaslike inligting te verwerk; hulle vermoë om persoonlike eienskappe volgens professionele vereistes wanneer met kinders gewerk word te evalueer;<br>• die leerbehoeftes ten opsigte van die werk met kinders te evalueer en hanteer, en om die proses van terapie aan kinders te bestuur. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |

| Modulekode: BSWI312 (G403V) | Semester 1 | NKR-Vlak: 7 |
|---|---|---|
| **Titel: Ontwikkelingsgerigte welsynsbeleid B** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:<br>• geïntegreerde kennis van die huidige rol en funksie van die maatskaplikewerk-professie, en die beleide sowel as die strategieë vir armoedeverligting binne die Suid-Afrikaanse welsyn- en maatskaplikewerk-diensleweringskonteks;<br>• ’n begrip van ondersoekmetodes en ’n vermoë om hierdie metodes in ’n ondersoek toe te pas;<br>• ’n vermoë om armoedeverwante probleme en die materiële behoeftes van mense te identifiseer, ontleed en krities daaroor na te dink en om bewysgebaseerde oplossings en teoriegedrewe argumente toe te pas;<br>• ’n vermoë om besluite te neem en eties, aanspreeklik en professioneel op te tree, en die vermoë om daardie besluite en optrede te regverdig deur van ’n menseregte- en maatskaplikegeregtigheid-perspektief gebruik te maak;<br>• die vermoë om toegang te verkry tot inligting ten opsigte van armoede en materiëlebehoefte, asook verbandhoudende beleid, wetgewing, programme en dienste en dit te, verwerk en bestuur;<br>• ’n vermoë om hulle idees en menings in goedgeformuleerde argumente te produseer en kommunikeer deur toepaslike akademiese, professionele, of beroepsdiskoers te gebruik;<br>• ’n vermoë om prosesse in maatskaplikewerk-diensleweringskontekste te bestuur en te erken dat probleemoplossing konteks- en stelselgebonde is en nie in isolasie voorkom nie. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode: BSWI313 (G403V)** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 7** |
| **Titel: Maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk B** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:<br>• die vermoë om ’n begrip van maatskaplike groepwerk as een van die metodes in maatskaplike werk te integreer;<br>• die vermoë om modelle, teorieë en benaderings in maatskaplike groepwerk te beredeneer en evalueer;<br>• die vermoë om toepaslike maatskaplikegroepwerk-intervensiestrategieë vir verskillende tipes maatskaplikewerk-groepe te identifiseer en fasiliteer en daaroor te besin;<br>• die vermoë om binne die norme en waardes van maatskaplike groepwerkproses eties en professioneel op te tree;<br>• die vermoë om die inligting met verskillende soorte gedrag onder groeplede te evalueer en bestuur;<br>• die vermoë om wetenskaplik te evalueer of die groepwerkprojek geslaagd was. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 2 uur 1:1 | | |
| **Modulekode: BSWI321 (G403V)** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 7** |
| **Titel: Gevallewerk: teorie en praktyk B** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>Na voltooiing van die module moet die student die volgende kan toon:<br>• ’n geïntegreerde kennis en begrip van die modelle, tegnieke en benaderings in maatskaplike gevallewerk;<br>• ’n geïntegreerde kennis en begrip van die ekosistemiese evaluering van die kliënt en | | |

| | | |
|---|---|---|
| sy omgewing;<br>• die vermoë om ekosistemiese evaluering te identifiseer om die komplekse probleme wat kliënte ervaar, te ontleed;<br>• die vermoë om kennis van, insig in en vaardighede oor gevallewerk in die praktyk toe te pas;<br>• die vermoë om toepaslike inligtinginsamelingsprosesse uit maatskaplikegevallewerk-verslae te ontwikkel;<br>• die vermoë om diversiteitsverwante sake in maatskaplike werk te herken en oorkom.<br>• die vermoë om effektief te kommunikeer met betrekking tot gevallewerk | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** PK 1 x 3 uur 1:1 | | |
| **Modulekode: BSWP321 (G403V)** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 7** |
| **Titel: Maatskaplike werk prakties A** | | |
| **Module-uitkomste:**<br>Na voltooiing van die vakansieplasingskomponent van die module moet die student die volgende kan toon:<br>• ’n geïntegreerde kennis en begrip van die aard van ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk en die gebruik daarvan in dienslewering aan geselekteerde kwesbare groepe;<br>• ’n begrip van die kompleksiteite betrokke by die keuse en toepassing/implementering van toepaslike prosedures, prosesse/tegnieke, beleide en hulpbronne wanneer onbekende probleme hanteer word wat in die maatskaplikewerk-praktyk ervaar word;<br>• die vermoë om ’n verskeidenheid gespesialiseerde vaardighede in maatskaplikewerk-intervensie te identifiseer om<br>• komplekse of abstrakte probleme te ontleed en te hanteer deur stelselmatig die korpus kennis op die gebied van maatskaplike werk te ontgin en toepaslike metodes binne die plasingsorganisasie, asook die gemeenskapskonteks waarin dit funksioneer, toe te pas.<br><br>Na voltooiing van die groepwerkkomponent van die module moet die student die volgende kan toon:<br>• toegepaste tegnieke ten opsigte van groepwerkteorieë, -metodes en -tegnieke;<br>• ’n begrip van die kompleksiteite wat by die keuse, toepassing of oordrag van groepwerkprosedures, -prosesse of -tegnieke in die maatskaplikewerk-praktyk betrokke is;<br>• die vermoë om ’n verskeidenheid gespesialiseerde groepwerkvaardighede te ontleed en komplekse probleme te hanteer;<br>• die vermoë om professionele etiese oordeel in die maatskaplikewerk-praktyk toe te pas;<br>• ’n vermoë om akademiese, professionele of beroepsidees en tekste doeltreffend aan ’n reeks gehore oor te dra, en kreatiewe insigte, streng interpretasies en oplossings vir probleme en kwessies wat op die maatskaplikewerk-konteks van toepassing is, aan te bied;<br>• ’n vermoë om doeltreffend te werk binne die praktiese opleidingsorganisasie, asook die gemeenskapskonteks waarbinne dit funksioneer, en om ’n begrip vir die rolle en verhoudings tussen die elemente binne die stelsel te ontwikkel;<br>• die vermoë om hulpbronne vir groepwerkintervensie te gebruik<br>• die vermoë om inligtingsinsamelings-, evaluerings- en bestuursprosesse in die praktiese organisasie, asook die gemeenskapskonteks waarbinne dit funksioneer, krities te hersien om sodoende kreatiewe response op maatskaplikewerk-probleme en -kwessies te ontwikkel. | | |
| **Metode van aflewering: Voltyds** | | |
| **Assesseringsmetodes:** Sien studiegids | | |

| **Modulekode: BYBV113** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 5** |
|---|---|---|
| **Titel: Inleiding tot die Ou Testament in kontemporêre kontekste** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:<br>• ŉ fundamentele kennisbasis te demonstreer van die volgende temas deur die formulering van ŉ geldige standpunt oor die plek aard en gesag van die Ou Testament, en te verduidelik hoe die Ou Testament tot stand gekom het, gekanoniseer is en hoe die teks deur die eeue behoue gebly het;<br>• verstaan te demonstreer m.b.t. die rangskikking van die boeke van die Ou Testament (volgens literatuursoorte), die belangrikste literatuursoorte en temas in die Ou Testament, sowel as die geskiedenis, kultuur en geografiese konteks wat in die Ou Testament beskryf word;<br>• ŉ groter bewustheid te demonstreer vir die verskillende velde van navorsing in Ou-Testamentiese studie, asook sensitiwiteit vir die wyse waarop Ou-Testamentiese temas verband hou met produkte in hedendaagse kulture by wyse van vergelykende studie. | | |
| **Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds | | |
| **Modulekode: BYBV123** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 5** |
| **Titel: Inleiding tot die Nuwe Testament in kontemporêre kontekste** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om<br>• ŉ fundamentele kennisbasis te demonstreer van die volgende temas deur die formulering van ŉ geldige standpunt oor die plek aard en gesag van die Nuwe Testament, en te verduidelik hoe die Nuwe Testament tot stand gekom het, gekanoniseer is en hoe die teks deur die eeue behoue gebly het;<br>• verstaan te demonstreer m.b.t. die rangskikking van die boeke van die Nuwe Testament (volgens literatuursoorte), die belangrikste literatuursoorte en temas in die Nuwe Testament, sowel as die geskiedenis, kultuur en geografiese konteks wat in die Nuwe Testament beskryf word;<br>• ŉ groter bewustheid te demonstreer vir die verskillende velde van navorsing in Nuwe-Testamentiese studie, asook sensitiwiteit vir die wyse waarop Nuwe-Testamentiese temas verband hou met produkte in hedendaagse kulture by wyse van vergelykende studie | | |
| **Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds | | |

| **Modulekode: BYBV211** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 6** |
|---|---|---|
| **Titel: Aktuele Bio-Etiese temas** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:<br>• ŉ fundamentele kennis te hê van huidige bio-etiese temas (wat jaarliks hersien word) wat op die Suid-Afrikaanse gemeenskap betrekking het;<br>• huidige bio-etiese temas eties evalueer;<br>• in drie gevallestudies riglyne vir etiese optrede kan neerlê. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| **Modulekode: BYBV223** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 6** |
| **Titel: Ontwikkeling van Pastorale Vaardighede** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:<br>• ‘n basiese model te ontwikkel waarin die vertrekpunte, doelstellings en dimensies waarmee rekening gehou moet word in die Pastorale proses verduidelik word;<br>• die belang van pastorale vaardighede verduidelik en op ŉ prakties-teoretiese vlak ŉ verwysingsraamwerk te ontwikkel vir die vaardige hantering van verskillende pastorale situasies;<br>• insig demonstreer m.b.t. wat die vaardige hantering van die Skrif en gebed in die pastorale gesprek behels;<br>• verstaan watter vaardighede vereis word binne die kommunikatiewe ruimte van die interpersoonlike gesprek;<br>• vaardighede ontwikkel I die herkenning en hantering van tipiese prosesse wat voorkom | | |

| | | |
|---|---|---|
| tydens verskillende pastorale situasies. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| **Modulekode: BYBV312** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 7** |
| **Titel: Ou Testament oorsig en interpretasie met pastorale toepassing** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:<br>• die beginsels en metodes vir die interpretasie van die Ou Testament verstaan en toepas m.b.t. verskillende genres deur die weergee van ŉ oorsig en evaluering van histories-kritiese, literêre en kontekstuele metodes van eksegese terwyl die basiese beginsels wat verband hou met tekskritiek van die Ou Testament ook verduidelik word;<br>• teorieë m.b.t. die ontstaan van die Pentateug as geheel, sowel as die afsonderlike boeke op sigself, kan bespreek;<br>• verteltekste in die OT, gefokus op Josua, Rigters, Samuel, Konings, Kronieke en Esra-Nehemia te interpreteer en die oorsprong, agtergrond, doel en boodskap van die Deuteronomistiese en Kronistiese Geskiedwerke in geheel, sowel as m.b.t. die onderskeie boeke te bespreek en ŉ aantal kulturele gebruike wat verband hou met hierdie boeke te evalueer vanuit ŉ hedendaagse perspektief;<br>• profesie en profete in Israel en die Ou Nabye Ooste te bespreek en hermeneutiese beginsels toe te pas vir die verklaring van profetiese materiaal en die oorsprong, agtergrond en boodskap van geselekteerde profetiese boeke te bespreek;<br>• bespreek en evalueer die hermeneutiek van Afrika Teologie;<br>• dui die belang en toepassing van die Ot Testament aan in die hantering van huidige probleme en etiese sake;<br>• poëtiese en wysheidsliteratuur in die Ou Testament te interpreteer;<br>• literêre benaderings tot die Ou Testament te evalueer;<br>• poësie in Israel en die Ou Nabye Ooste te bespreek;<br>• die ontstaan, agtergrond en boodskap van geselekteerde poëtiese en wysheidsboeke te bespreek<br>• die Ou Testament in Pastorale begeleiding te gebruik. | | |
| **Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds | | |
| **Modulekode: BYBV323** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 7** |
| **Titel: Nuwe Testament oorsig en interpretasie met pastorale toepassing** | | |
| **Module-uitkomste:** Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:<br>• ŉ oorsig te gee van die openbare optrede van Jesus Christus;<br>• insig te openbaar m.b.t. die openbaring van God in die vier evangelies, asook hoe openbarings-historiese temas gebruik kan word in pastorale begeleiding;;<br>• die inhoud, doel, struktuur en fokus van elk van die sinopties evangelies aan te dui teen die agtergrond van die sinoptiese vraagstuk;<br>• dui perikope in die evangelies aan wat relevant is vir spesifieke temas I pastorale begeleiding;<br>• beginsels en metodes vir die verklaring van die Nuwe Testament te verstaan en toe te pas;<br>• ŉ gedeelte van die evangelies te interpreteer met gebruik van ŉ geldige metodologie;<br>• die sentrale idees van evangelie en koninkryk in die Nuwe Testament te definieer;<br>• die idees evangelie en koninkryk binne die algehele openbaring van God te beskryf;<br>• die belang van die openbaring van die koninkryk vir die gebruik van die Skrif vir pastorale begeleiding in die algemeen aan te dui;<br>• die oorsprong, doel en struktuur van die volgende NT boeke aan t dui: Handelinge, die Pauliniese korpus, die Algemene Sendbriewe en die Johannese geskrifte (insluitend Openbaring) aan te dui;<br>• ‘n kort oorsig te gee van die genoemde NT boeke;<br>• temas aan te dui vanuit die NT boeke waarna verwys is, wat van belang is vir pastorale begeleiding. | | |
| **Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds | | |

| Modulekode: ECON111 | Semester 1 | NKR-Vlak: 5 |
|---|---|---|
| **Titel: Inleiding tot Ekonomie** | | |

**Module-uitkomste:** Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:

- fundamentele kennis en begrip van die basiese funksionering van die ekonomie en die onderskeie komponente daarvan, die ekonomiese probleem van skaarsheid, beperkte hulpbronne en onbeperkte behoeftes, die manier waarop die verskillende ekonomiese stelsels hierdie probleem probeer oplos en die maniere waarop fiskale, monetêre en ander beleidsmaatreëls aangewend word om spesifieke ekonomiese doelwitte te bereik;
- as individu en/of in groepe, die vaardighede om die gedrag van die vernaamste ekonomiese agente soos verbruikers en produsente te vertolk en te ontleed;
- as individu en/of in groepe, die vaardighede om die ekonomiese data oor die fiskale, monetêre en ander soorte beleid in Suid-Afrika te vertolk en te ontleed;
- die vermoë om omskrewe, roetine- en nuwe ekonomiese probleme (soos werkloosheid en hoë inflasiesyfers) in die Suid-Afrikaanse konteks deur middel van bewese metodes, prosedures en tegnieke te identifiseer, te evalueer en op te los; en
- die vermoë om inligting uit gegewe bronne te versamel, inligting te selekteer wat geskik is vir die taak, daardie inligting te ontleed, te sintetiseer en te evalueer, en die resultate en/of voorstelle op 'n eties-gesonde manier skriftelik en in mondelinge demonstrasie te kommunikeer met behulp van toepaslike inligtingstegnologieë.

**Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Die formatiewe en Summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.

| Modulekode: ECON121 | Semester 2 | NKR-Vlak: 5 |
|---|---|---|
| **Titel: Basiese Mikro- en Makro-ekonomie** | | |

**Module-uitkomste:** Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:

- fundamentele kennis van en insig in die beginsels en teorieë waarop mikro-ekonomie, makro-ekonomie en die Eenvoudige Makro-ekonomiese Model gegrond is, en ook die vermoë om begrippe en terminologie aan te wend by die beantwoording van goed-omskrewe probleme en gevallestudies;
- fundamentele kennis van die wisselwerking tussen en interafhanklikheid van ekonomiese deelnemers en ekonomiese aanwysers te demonstreer;
- vaardighede om gevallestudies, voorbeelde en probleme ten opsigte van bepaalde makro- en mikro-ekonomiese verskynsels te ontleed en te evalueer, met verwysing na vraag, aanbod, ekwilibrium, verbruik, produksie, pryselastisiteit en verskillende vorms van mededinging;
- fundamentele begrip van die oorsake van inflasie, werkloosheid en ekonomiese groei en kennis om beleid in dié verband aan te beveel;
- vaardighede om die Eenvoudige Makro-ekonomiese Model in ekonomiese ontledings en voorspellings aan te wend; en
- vaardighede met die versameling en verwerking van inligting vir die skryf van werkopdragte binne die raamwerk van mikro- en makro-ekonomie, individueel en in groepe te demonstreer.

**Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Die formatiewe en Summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.

| Modulekode: ECON211 | Semester 1 | NKR-Vlak: 6 |
|---|---|---|
| **Titel: Makro-ekonomie** | | |

**Module-uitkomste:** Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:

- die interverwantskappe in die makro-ekonomie tussen verskillende ekonomiese veranderlikes in 'n oop ekonomie te ontleed;
- die uitwerking van verskeie beleidstappe op die funksionering van die ekonomie op sowel die lang- as die korttermyn te beoordeel; en

- verskillende beleidsmaatstawwe vir makro-ekonomiese probleme te identifiseer en verduidelik hoe dit toegepas kan word.

**Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Die formatiewe en Summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.

| **Modulekode: ECON221** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 6** |
|---|---|---|

**Titel: Mikro-ekonomie**

**Module-uitkomste:** Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:

- gesonde kennis en begrip te demonstreer van tersaaklike terme, reëls, begrippe, beginsels en teorieë om mikro-ekonomie en die toepassing daarvan in die werklikheid te beskryf;
- die gebruik van teoriegedrewe argumente en Inligtingstegnologie-vaardighede om as individue en/of groepe inligting aangaande mikro-ekonomiese kwessies te versamel, te organiseer, te ontleed en te vertolk;
- probleemoplossingsvermoëns ten opsigte van verbruikersvraag en -keuses, markstrukture en die gedrag van mededingers, ewewigsanalises, mikro-beleid en regeringsingryping in die ekonomie in die vorm van belasting/subsidiëring te demonstreer; en
- die bevindings en/of oplossings op samehangende en betroubare wyse aan ŉ gehoor van eweknieë en akademici deur gebruikmaking van individuele en/of groepmetodes doeltreffend te kommunikeer.

**Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Die formatiewe en Summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.

| **Modulekode: ECON311** | **Semester 1** | **NKR-Vlak: 7** |
|---|---|---|

**Titel: Fiskale en Monetêre Beleid**

**Module-uitkomste:** Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis van markmislukking en die rol van die staat in die ekonomie te demonstreer;
- as ŉ individu en/of deel van ŉ groep die praktiese vaardighede te demonstreer om voorvalle van markmislukking in gevallestudies te identifiseer en toepaslike vorms van staatsingryping aan te beveel; en
- die bekwaamheid te demonstreer om verskillende vorms van staatsingryping in die ekonomie te evalueer en aanbevelings aan beleidmakers en belanghebbendes in die vorm van skriftelike verslae en mondelinge aanbiedings met behulp van die toepaslike IT te kommunikeer.

**Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Die formatiewe en Summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.

| **Modulekode: ECON321** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 7** |
|---|---|---|

**Titel: Ekonomiese Analise**

**Module-uitkomste:** Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis van klassieke lineêreregressie-modelle en spesifikasietoetsing van regressieresultate te demonstreer;
- as individu en/of deel van ŉ groep die praktiese vaardighede te demonstreer om ŉ regressiemodel met Eviews-programmatuur te skat en te toets, spesifikasietoetsing te onderneem, met inbegrip van toetsing vir stasionariteit, struktuur-breuke, multikollineariteit, heteroskedastisiteit en outokorrelasie, en om oplossings te formuleer vir praktiese probleme op die terrein van ekonomiese ontledings; en
- die vermoë te demonstreer om ŉ navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, basiese statistiek en ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in ŉ verantwoordbare mondelinge

| | | |
|---|---|---|
| aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike Inligtingstegnologie, asook in die vorm van 'n skripsie van 20 bladsye. | | |
| **Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds | | |
| **Assesseringsmetodes:** Die formatiewe en Summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word. | | |
| **Modulekode: ECON322** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 7** |
| **Titel: Ontwikkelingsekonomie** | | |
| **Module-uitkomste:** Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:<br>• 'n afgeronde en sistematiese kennis van ekonomiese toestande in lae- en middelinkomste-ekonomieë en die strukturele eienskappe van Minder Ontwikkelde Lande se ekonomieë te demonstreer;<br>• 'n kritieke begrip van terme, reëls, beginsels en teorieë toe te pas ten einde as individu of in groepe ekonomiese prestasie in lae- en middelinkomste-ekonomieë asook ander kwessies van ekonomiese ontwikkeling te ontleed, te vertolk en te evalueer ten einde deel te neem aan normgebaseerde beredenering;<br>• deeglik-ontwikkelde inligtingsherwinningsvaardighede te demonstreer, om die inligting te ontleed, te vertolk en te evalueer en om eties te werk te gaan met onbekende konkrete en abstrakte probleme in Ontwikkelingsekonomie; en<br>• inligting in goed-gestruktureerde betoë in skriftelike werksopdragte en mondelinge aanbiedings te kommunikeer ooreenkomstig voorgeskrewe formaat en met die gebruik van toepaslike tegnologie. | | |
| **Metode van aflewering:** Voltyds en deeltyds | | |
| **Assesseringsmetodes:** Die formatiewe en Summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word. | | |
| **Module code: ENLS111** | **Semester 1** | **HEQF level: 5** |
| **Title: English for specific purposes** | | |
| **Module outcomes:** On completion of this module students should be able to:<br>• demonstrate knowledge of the nature of words<br>• demonstrate knowledge of the nature of sentences<br>• demonstrate basic knowledge of the language used in literary texts<br>• plan and write an essay. | | |
| **Method of delivery:** Contact, full-time and part-time | | |
| **Assessment methods:**<br>• Tests and assignments: 60%<br>• Semester examination: 40% | | |
| **Module code: ENLS121** | **Semester 2** | **HEQF level: 5** |
| **Title: Practical English for Professional Purposes** | | |
| **Module outcomes:** On completion of this module students should be able to:<br>• identify, understand and respond to various text types<br>• plan and write different kinds of texts (e.g. business letters, reports, essays) using the appropriate language and style for each. | | |
| **Method of delivery:** Contact, full-time and part-time | | |
| **Assessment methods:**<br>• Tests and assignments: 60%<br>• Semester examination: 40% | | |
| **Module code: ENLL111** | **Semester 1** | **HEQF level: 5** |
| **Title: Introduction to literary genres (I)** | | |
| **Module outcomes:** On completion of this module learners should be able to:<br>• understand the fundamental concepts and characteristics of literary genres<br>• analyse and interpret literary texts with a view to their generic elements<br>• develop arguments based on textual evidence in the course of the interpretation of literary texts<br>• present sustained arguments about texts in accordance with appropriate academic | | |

| | | |
|---|---|---|
| conventions, in particular in academic essays. | | |
| **Method of delivery:** Contact, full-time | | |
| **Assessment modes:**<br>Students will have attained the outcomes if they are able to:<br>• identify generic elements of literary texts<br>• explain how generic elements contribute to the creation of literary texts in different genres;<br>• interpret meanings of literary texts in terms of generic elements<br>• write paragraphs and essays that present the analysis and findings in terms of sustained arguments. | | |
| **Module code: ENLL121** | **Semester 2** | **HEQF level: 5** |
| **Title: Introduction to literary genres (II) and grammatical analysis** | | |
| **Module outcomes:** On completion of this module learners should be able to:<br>• understand the fundamental concepts and characteristics of literary genres<br>• analyse and interpret literary texts with a view to their generic elements<br>• develop arguments based on textual evidence in the course of the interpretation of literary texts<br>• present sustained arguments about texts in accordance with appropriate academic conventions, in particular in academic essays<br>• understand the fundamental concepts of grammatical analysis<br>• analyse and interpret simplex clauses in terms of their constituent elements and the grammatical functions thereof. | | |
| **Method of delivery:** Contact, full-time | | |
| **Assessment modes:**<br>Students will have attained the outcomes if they are able to:<br>• identify generic elements of literary texts<br>• explain how generic elements contribute to the creation of literary texts in different genres<br>• interpret meanings of literary texts in terms of generic elements<br>• write paragraphs and essays that present the analysis and findings in terms of sustained arguments<br>• define, explain and exemplify the fundamental concepts of grammatical analysis<br>• identify and classify the constituent elements of simplex clauses and their grammatical functions. | | |
| **Module code: ENLL211** | **Semester 1** | **HEQF level: 6** |
| **Title: Development of literary genres (I) and development of grammatical complexity** | | |
